



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2011**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	LEESBEGRIP (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C:	TAAL (VRAAG 3, 4 en 5)	(40)

2. Lees ALLE instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1****TEKS A: KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae.

## **Tiener, hoe behoort jy te leef?**



- 1 Toe jy klein was, het jy nie veel keuses gehad nie. Jou ouers het besluit waaraan jy moet deelneem en na watter TV-programme jy mag kyk.
- 2 Nou is jy 'n tiener en jy het 'n groter sê oor jou lewe. Jy kan egter nie doen wat jy wil nie, want jy is deel van 'n gesin by wie jy belangrike lewenslesse kan leer. In hierdie stadium speel jou vriende ook 'n belangrike rol in jou lewe. Die dinge wat jy in jou tienerjare by jou familie en vriende leer, help jou om verskillende situasies in die toekoms beter te hanteer.
- 3 Jy moet soveel moontlik by jou ouers leer terwyl jy nog onder hulle dak bly. Leer by jou ma hoe om kos te maak en by jou pa hoe om werkies om die huis te doen. Party dinge is dalk nie lekker om te doen nie, maar jy sal later jammer wees as jy dit nie gedoen het nie. As jou ouers nie meer by jou is nie, kan jy dinge self doen en só baie geld spaar.
- 4 Kyk na die alledaagse dinge wat jou ouers vir jou doen en wees dankbaar daarvoor. As jy begin werk, moet jy al hierdie dinge soos kos kook, wasgoed was en klere koop, self doen. Jy sal baie keer die rande moet rek en planne moet maak om dit alles te kan bekostig. Jou ouers het al hierdie dinge sommer net uit liefde vir jou gedoen. Respekteer jou ouers, al verskil jy soms van hulle.
- 5 As jy so gelukkig is om broers en susters te hê, waardeer hulle. Na skool gaan elkeen sy/haar eie rigting en elkeen kies dalk om in 'n ander land te gaan bly. Julle sien mekaar dan net by spesiale geleenthede.
- 6 Tieners besef dit nie altyd nie, maar deur hard te werk op skool, leer jy selfdiscipline aan. Goeie punte op skool bepaal jou keuses na skool. Te veel mense wat klaar is met skool, sê dat hulle wens hulle het harder gewerk en beter op skool gedoen.
- 7 Tienerjare is die tyd om ervaring op soveel moontlik gebiede op te doen. As jy net op sport of net op kultuur fokus, gee jy jou nie kans om te ontdek waarvan jy hou of waarin jy goed is nie. Doen soveel verskillende aktiwiteite as wat jy kan sodat jy as mens kan groei.

8 In hierdie fase van jou lewe moet jy mooi dink aan jou toekoms en die beroep wat jy wil volg. Doen goeie navorsing oor die verskillende beroepe, geleenthede in daardie beroepe en die geld wat jy in 'n spesifieke beroep gaan verdien. Dit moenie 'n emosionele besluit wees nie. Jou besluit moet op feite gebaseer word.

9 Gryp elke geleentheid wat 'n positiewe verskil in jou lewe gaan maak, aan. Wees versigtig hoe jy leef en pasop wie jy as vriende kies. Leef elke dag voluit. Gebruik jou tienerjare en word die mens wat jy graag wil wees.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 19 Julie 2010]

- 1.1 Wie het die keuses vir tieners gemaak toe hulle klein was? (1)
- 1.2 Wie, dink jy, móét hierdie artikel lees? Gee 'n motivering vir jou antwoord. (2)
- 1.3 Volgens paragraaf 2 het tieners meer beheer oor al die keuses in hulle lewens.
- 1.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1. Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan. (1)
- 1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Tieners behoort tyd saam met hulle ouers deur te bring, want hulle ...
- A doen net lekker dinge saam.  
 B ouers kies hulle vriende vir hulle.  
 C leer so baie dinge by hulle ouers.  
 D ouers help met beroepskeuses. (1)
- 1.5 Volgens paragraaf 3 behoort tieners baie dinge te leer wanneer hulle nog by hulle ouerhuise is. Hoe sal dit tieners help wanneer hulle hierdie dinge self kan doen? (1)
- 1.6 “Kyk na die alledaagse dinge wat jou ouers vir jou doen en wees dankbaar daarvoor.” (Paragraaf 4)
- 1.6.1 Noem EEN van hierdie alledaagse dinge wat ouers vir hulle kinders doen. (1)
- 1.6.2 Hoekom doen ouers hierdie alledaagse dinge vir hulle kinders? (1)

- 1.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- “Jy sal baie keer die rande moet rek” (paragraaf 4) beteken tieners moet ...
- A baie geld hê voordat hulle kan koop.
  - B alles koop wat hulle wil hê.
  - C met hulle min geld baie kan koop.
  - D eers geld spaar voordat hulle kan koop. (1)
- 1.8 Wat doen broers en susters, volgens paragraaf 5, nadat hulle uit die skool uit is? (1)
- 1.9 Hoe leer tieners selfdissipline aan? (1)
- 1.10 Waarom is goeie punte op skool so belangrik? (1)
- 1.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
- Hierdie teks is nie objektief nie, maar subjektief, want (dit gee die skrywer se mening/die skrywer praat namens al die ouers van tieners). (1)
- 1.12 Waarom is dit nodig vir tieners om op verskillende dinge te konsentreer as hulle as mense wil groei? (Paragraaf 7) (1)
- 1.13 Volgens paragraaf 8 moet tieners mooi dink oor die beroep wat hulle wil volg.
- Noem TWEE feite wat tieners oor hulle beroepe moet uitvind. (2)
- 1.14 Watter TWEE waarskuwings kry tieners in paragraaf 9? (2)
- 1.15 Wat leer jy uit hierdie artikel oor jou verhouding met jou familie? Beantwoord in EEN kort sin. (1)
- 1.16 Sluit die slotsin van die leesstuk by die titel aan? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**TEKS B: ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

## AANDAG ALLE MATRIEKS!!!

**Wees slag gereed vir die Wiskunde-eksamen  
SPESIAAL VIR SKOLE!**



**Is jy besig om voor te berei vir die eksamen?**

Huisgenoot het net die antwoord vir jou:

- Sewe splinternuwe Wiskundevraestelle om te beantwoord.
- Die vraestelle is opgestel deur ervare onderwysers.
- Volledige memorandum is ingesluit ...
  - om jou vordering te kontroleer.
  - sodat jy uit jou foute kan leer.

As jy sukkel om die studiegids te kry, kan jy een bestel. Sms *Wiskunde*, die winkelnaam en dorp se naam na 36487 om een te bestel.

Die studiegids is ook in Engels beskikbaar teen R24,95 per studiegids.

Huisgenoot  
EKSAMEN-  
HULP!

7 nuwe  
**VRAESTELLE**  
vir graad 12

**WISKUNDE**

*y=4x*  
*y=ax²+bx+c*  
*f(x-2)*

**\* VOLLEDIGE MEMORANDUMS INGESLUIT**

**STYG OP!**

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 28 April 2011]

- 1.17 Hoekom gebruik die adverteerder die uitroeptekens in die opskrif van die advertensie? (1)
- 1.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die woorde “Wees slaggereed” impliseer dat hierdie studiegids matrieks ...
- A sal help om enige Wiskunde-eksamen te slaag.  
B goed voorberei vir hulle Wiskunde-eksamen.  
C die antwoorde gee van die vrae in die eksamen.  
D sê watter vrae in die eksamen sal wees. (1)
- 1.19 Matrieks kan hierdie studiegids koop, al is daar nie ’n boekhandelaar op hul dorp nie.
- 1.19.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.19.1. (1)
- 1.20 Wat suggereer die vuurpyl wat op die studiegids verskyn? (1)
- 1.21 Hoe kan die gebruik van die memorandums matrieks help? (1)
- 1.22 Is die studiegids net in Afrikaans beskikbaar? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.23 Wat is die doel van hierdie advertensie? (1)
- 1.24 Hoekom is die retoriese vraag “*Is jy besig om voor te berei vir die eksamen?*” so effektief in hierdie advertensie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2: Sien jy kans vir 'n tatoeëermerk?**

- Som die hoofgedagtes van die onderstaande teks in sewe sinne op.
- Skryf elke hoofgedagte in 'n volsin neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## Sien jy kans vir 'n tatoeëermerk?



*Het jy al daaraan gedink om 'n tatoeëermerk te kry?  
Lees eers hier en besluit dan.*

- 1 Is jy bang vir naalde? Die tatoeëerkunstenaar spuit die inks met tot 14 naalde op 'n slag teen honderde kere per minuut onder jou vel in. Die naalde gaan omtrent 1 mm diep onder jou vel in.
- 2 Party mense sê dit voel soos 'n harde knyp as die naalde onder jou vel insteek. Ander mense sê dit voel soos honderde bysteke of soos 'n boor wat deur jou vel gaan. Almal stem saam dat dit seer is om 'n tatoeëermerk te kry.
- 3 Die meeste mense verkies hul tatoeëermerke op die laerug en die enkels, maar dit is minder seer op jou bors of bo-arm. Daar is meer weefsel tussen die vel en die been. Die plek waar jy jou prentjie wil hê, bepaal dus hoe seer dit gaan wees om die tatoeëermerk aan te bring.
- 4 Jy moet seker maak dat jy na 'n professionele tatoeëerkunstenaar toe gaan. Jy sal weet die persoon is professioneel as die salon skoon is en hy/sy alle naalde voor jou oopmaak.
- 5 Moenie bang wees om vrae te vra oor die versorging van jou nuwe tatoeëermerk nie. Jy mag byvoorbeeld nie dadelik bad of swem nie. Dit is ook belangrik dat jy 'n sonskerm van minstens 30 SPF op die merk dra.
- 6 Jy moet weet dat daar komplikasies kan intree en wat jy in sulke gevalle moet doen. 'n Voorbeeld van komplikasies is as jou vel om die tatoeëermerk septies raak.
- 7 En onthou: wat op 18 hiper-cool is, gaan op 50 verkeerd lyk! Dit kos duurder om die tatoeëermerk te verwyder as om dit te laat teken. Wees dus seker dat jy die tatoeëermerk wil hê voordat jy dit laat doen.

[Verwerk uit: *Jip*, 21 Januarie 2010]

**TOTAAL AFDELING B: 10**




**AFDELING C: TAAL****VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer. In die teks is opsetlike taalfoute.

# AVONTUURKLUB

## NET VIR MANS!

(3.1) Swem met 'n  
witdoodhaai.



**Beleef 'n opwindende dag saam met Avontuurklub.**

**Jy moet 'n (3.3) aktief mens wees.**

Sien 'n witdoodhaai, ry branders, loop in klowe,  
ski teen sandduine af of sweef met 'n valskerm.

**Dit sal jou adrenalien (3.4) stadig laat pomp.**

**(3.5) Wat ookal jou vuurtjie aansteek, ons reël dit vir jou!**

**(3.6) ONS HANTEER DIE VERVELIGE GOED.**

Bekwame personeel

- reël vir jou toerusting en
- hou jou slaapplek aan die kant.

Avontuurklub werk saam met jeughostelle oor die hele Wes-Kaap. Geniet groot avonture  
op die pad na jou volgende bestemming.

**PRAAT MET ONS**  
**Skakel: 086 286 6888 –**  
**[www.avontuurklub.co.za](http://www.avontuurklub.co.za)**

[Verwerk uit: Weg, Junie 2009]

- 3.1 Verbeter die TAALFOUT in die volgende sin. Skryf die korrekte sin oor.  
Swem met 'n widdoodhaai. (1)
- 3.2 VOLTOOI die sin. Skryf net die korrekte antwoord neer.  
Hierdie advertensie is seksisties, want dit ... . (1)
- 3.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.  
Jy moet 'n (aktief) mens wees. (1)
- 3.4 Gee die ANTONIEM van die vetgedrukte woord.  
Dit sal jou adrenalien **stadig** laat pomp. (1)
- 3.5 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf net die nommer en die antwoord neer.
- 3.5.1 "Wat ookal jou vuurtjie aansteek" is 'n voorbeeld van (denotasie/konnotasie). (1)
- 3.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.5.1. (1)
- 3.6 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.  
Ons hanteer die vervelige goed. (1)
- 3.7 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.  
*Avontuurklub* werk ook saam met jeughostelle (wat + in) julle kan bly. (1)
- 3.8 Gee die VERKLEININGSVORM van die vetgedrukte woord.  
Geniet groot avonture op die **pad** na jou volgende bestemming. (1)
- 3.9 Skryf die sin oor en rangskik die gedeelte tussen hakies in die KORREKTE VOLGORDE.  
Die mense wat belangstel, moet (telefonies/by die agentskap/vandag) navraag doen. (1)

**[10]**

### VRAAG 4: STROKIESPRENTE

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprente hieronder gebaseer. Opsetlike taalfoute kom voor.


Tegnologie speel 'n belangrike rol in die moderne lewe. Hier volg twee situasies waar tegnologie gebruik word.

Die seun in prent 1 kry die volgende boodskap op sy selfoon:



PRENT 1

PRENT 2



Skole begin ook die nuutste tegnologie gebruik.

PRENT 3

PRENT 4



[Uit: *Cartoon strips*, 2010]

- 4.1 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.  
Susan, wat dink jy van sulke **boodskap**? (1)
- 4.2 Gee die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord.  
Die seun is **kwaad**, want hy kry 'n lelike boodskap. (1)
- 4.3 Voltooi die sin met die korrekte VOORSETSEL.  
Susan sit ... haar rystoel en lees die boodskap. (1)
- 4.4 Gee die ANTONIEM van die vetgedrukte woord.  
Susan voel **gelukkig** as sy so iets in 'n sms lees. (1)
- 4.5 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.  
Tieners beantwoord graag hulle selfone wanneer dit (ly/lei/lui). (1)
- 4.6 Verbeter die SPELFOUT in die teks by prentjie 3.  
Die skool gaan vanjaar nie meer **raportkaarte** uitstuur nie. (1)
- 4.7 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.  
Die skool gebruik die webwerf vir leerlinge se punte. (1)
- 4.8 Gee die AFKORTING van die vetgedrukte woord.  
Julle ouers moet dit **asseblief** daar aflaai. (1)
- 4.9 Verander die stelsin in 'n VRAAGSIN. Die vetgedrukte woorde is die antwoord.  
Die dogter het 'n **rekenaar** gebruik om haar punte te kry. (1)
- 4.10 Kyk weer na prentjie 4. Wat sê die kind se gesigsuitdrukking vir jou oor die punte wat op die skool se webwerf gaan wees? Gee jou antwoord in 'n volsin. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT****TEKS A: ARTIKEL**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande artikel gebaseer.

## LEKKER FEITE OOR SJOKOLADE

- 1 In Japan is sjokolade die gewildste present vir Valentynsdag. Die Japanners koop meer as die helfte van hul sjokolade rondom 14 Februarie.
- 2 Sjokolade word van die sade van die kakaoplant gemaak. Dit groei net op plekke naby die ewenaar.
- 3 Wit sjokolade is nie regtig sjokolade nie. Dit word met kakaoboter gemaak en nie soos regte sjokolade met kakaopoeier nie. Hierdie feit is regtig interessant.
- 4 'n Dorp, Slough, in Engeland ruik na sjokolade. Die fabriek wat Mars Bars maak, is daar. Forrest Mars het die besigheid begin en deesdae word drie miljoen sjokoladestafies per dag gemaak.
- 5 Die Amerikaanse soldate wat van 1939 tot 1945 in die Tweede Wêreldoorlog geveg het, het die eerste M&M sjokolade geëet. Die soldate het die sjokolade geëet vir energie. Die soet doppies het gekeer dat die sjokolade smelt terwyl hulle dit gedra het.
- 6 Die Switsers eet meer sjokolade as enige ander volk; hulle eet 10 kilogram sjokolade per jaar. Hulle het sjokolade begin maak wat eers by 55 grade Celsius sal smelt.
- 7 Eet 'n stukkie sjokolade as jy verkoue het. Dit het 'n goeie en natuurlike chemiese stof in wat hoesbuie keer.
- 8 'n Gewilde lekkergoed in Mexiko is miere wat in sjokolade gedoop is.

[Verwerk uit: *Kids*, Februarie 2011]

5.1 VERBIND die twee sinne met die woord tussen hakies.

Japanners eet sjokolade. Hulle koop dit graag vir Valentynsdag. (daarom) (1)

5.2 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Dit groei net op plekke naby die ewenaar. (1)

5.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Dit is 'n (interessant) feit dat wit sjokolade nie eintlik sjokolade is nie. (1)

- 5.4 Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE VORM.  
Forrest Mars het die besigheid begin.  
Begin só: Die besigheid ... . (1)
- 5.5 Skryf die GETAL tussen hakies in woorde.  
Sekere Switserse sjokolade smelt eers teen (55) grade Celsius. (1)
- 5.6 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.  
Die Switsers is die volk wat die meeste (by/van/in) sjokolade hou. (1)
- 5.7 Vorm 'n DEELWOORD van die woord tussen hakies.  
In Switserland sal sjokolade 'n (groeï) industrie bly. (1)
- 5.8 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.  
Sjokolade is die (goed) manier om hoesbuie te keer. (1)
- 5.9 VERBIND die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.  
Eet 'n stukkie sjokolade as jy verkoue het. Jy kan jou hoesbuie keer. (sodat) (1)
- 5.10 Gebruik die vetgedrukte woord in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het as in die sin hieronder.  
In sjokolade is daar 'n natuurlike chemiese stof wat hoesbuie **keer**. (1)
- 5.11 Skryf die sin oor met die korrekte LEESTEKENS en HOOFLETTERS.  
Mmm Die Japanners Switsers en engelse hou ook van sjokolade (2)
- 5.12 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.  
Die soldate eet sjokolade vir energie.  
Begin só: Die soldate behoort ... . (1)
- 5.13 Kies die woord wat die volgende SPREEKWOORD korrek VOLTOOI. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.  
Jy waag baie om miere in sjokolade te doop, maar **wie nie waag nie**, sal nie ... nie.  
A wen  
B weet  
C werk  
D wag (1)

**[14]**

**TEKS B: PRENT**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.



[Uit: Tukkiewerf, 2009]

- 5.14 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.  
Die (persoon wat vir die koerant oor die wedstryd skryf) sit langs die veld. (1)
- 5.15 Skryf die volgende sin in die DIREKTE REDE.  
Die een man sê dat hy 'n goeie skop gesien het.  
Begin só: Die een man sê: "... .” (2)
- 5.16 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.  
Almal se oë word groot, want hulle is verbaas (met/vir/oor) die skop. (1)
- 5.17 Voltooi die onderstaande sin met die KORREKTE UITROEP wanneer die speler die bal deur die pale skop. Gee net EEN of TWEE woorde.  
Sy spanmaats sê: "...! Ons het gewen.” (1)
- 5.18 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.  
'n Rugbywedstryd is lekker (gesin + vermaak). (1)

[6]

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 80**